NUUSBRIEF 3 VAN 2026 29 JANUARIE 2026

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### Groete aan al die Rynie huisgesinne!

*Ons innige simpatie aan ons adjunkhoof, Juf Liezel Coetzee, wie se pa verlede week oorlede is, sowel as aan Juf. Antoinette by die Kleuterskool wie se skoonpa oorlede is.*
*Ons dink aan hulle en hul families in hierdie moeilike tyd en bid vir vertroosting.*



Die veiligheid van ons Rynies is vir ons baie belangrik.
Ons veiligheidsbeleid stipuleer duidelik dat alle leerders binne 15 minute nadat die skool uitgekom het in die middae afgehaal moet word, uitgesluit leerders in die naskool of leerders wat besig is met buitemuurse aktiwiteite.

**Geen leerders mag buite die skool op die sypaadjie wag nie maar wel binne die skoolterrein.**



NUUSBRIEF 3 VAN 2026 29 JANUARIE 2026




# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Ons doen soos elke jaar weer ‘n beroep op ouers om bedagsaam te wees in die verkeer om die skool. Alhoewel die paaie om die skool nie onder die jurisdiksie van die skool val nie, vra ons die ouers om geduldig en baie versigtig te wees in die verkeer om die skool. Wees op die uitkyk vir kinders wat skielik die pad mag oorsteek aangesien kinders soms onvoorspelbaar is en skielik die pad mag oorsteek as hulle bekendes sien. Moet asseblief ook nie die inwoners om die skool inparkeer deur in hulle opritte te parkeer en dan u motor te verlaat nie.

Ons het ook klagtes ontvang vanaf inwoners om die skool wat kla dat ouers op hulle sypaadjies en voor opritte parkeer. Die beheerliggaam is steeds besig om te probeer om eenrigtingstrate te bewerkstellig om die verkeer te verlig. Dit is egter ‘n langdurige proses deur die stadsraad met baie papierwerk. Ons vra ouers se samewerking in die verband om die veiligheid van ons leerders te bewerkstellig.






**Leerders word aangeraai om gebruik te maak van die wagarea as hulle ouers of vervoer geleentheid laat is.**

**Leer en motiveer ook u kind/ers om die pad by die sebrastrepe oor te steek aangesien motoriste meer bedag is op mense wat die pad kruis by die sebrastrepe.**



NUUSBRIEF 3 VAN 2026 *29 JANUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD







**Al die Maatjie Makiti en HOP kaartjieverkope vind plaas op die Karri App.**
**Die Maatjie Makiti se kaartjies sluit op 6 Feb @ 09:00 en dan sal die kaartjies na die klasonderwyser gestuur word om uit te deel voor die skool uitkom.**
**Die HOP aand se kaartjies word ook deur die Karri App verkoop en sluit 13 Feb 09:00.**
**Leerders sal hulle kaartjie ontvang voor die skool uitkom.**

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD


## KASKARRE:

Ons is baie opgewonde oor vanjaar se Kaskar-fondsinsameling, wat op 23 April plaasvind. Ons tema is F1 Rynies Grand Prix. Elke graad word in F1 spanne gedeel. Daar is opwindende aktiwiteite en pryse. Kom neem deel en geniet dit.

### Die spanne is:

- **Graad R - Caddilac**
- **Graad 1 – RedBull**
- **Graad 2 – Ferrari**
- **Graad 3 – Williams**
- **Graad 4 – Mercedes**
- **Graad 5 – Aston Martin**
- **Graad 6 – McClaren**
- **Graad 7 – Alpine**




**Borge:**

As deel van ons fondsinsameling, nooi ons ouers en borge vriendelik uit om 'n pit-stop of kaskar-karrretjie te borg. Sodoende lewer u ’n waardevolle bydrae tot die sukses van die geleentheid en maak u dit moontlik vir elke leerder om met entoesiasme en trots deel te neem.

NUUSBRIEF 3 VAN 2026

*29 JANUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**Inbetaling van fondse:**

Die inbetaling van fondse vind op die Karri-toep plaas of die kontant kan saam met die borgvorm gestuur word. Indien ‘n leerder ‘n volledige borgvorm ingee en nog ‘n borgvorm benodig kan hy/sy dit by Juf. Luvaine of Juf. Reené-Mari kry. Let asseblief daarop dat elke borgvorm weer terug skool toe gestuur moet word. Indien ’n borgvorm vol is, is die leerder meer as welkom om nog ’n vorm te kom haal.

Leerders word vir die gelukkige trekking ingeskryf vir elke R300 wat 'n leerder insamel. Die trekkings sal elke Maandag plaasvind.

**Deelname:**

Ons moedig al ons leerders aan om deel te neem. Die fondse wat ingesamel word, dra direk by tot die groei en volhoubaarheid van ons skool en die toekoms van ons leerders. Elke bydrae sal opreg waardeer word, daarom nooi ons ouers en plaaslike besighede hartlik uit om saam met ons 'n verskil te maak.

**Stalletjies:**

Indien u belangstel om 'n stalletjiehouer by die Kaskardag te wees, kontak vir juffrou Luvaine per e-pos (gr5graadhoof@rynfieldlaer.co.za). Die koste beloop R1000 per stalletjie en die stalletjiehouer hou alle wins. Dit is ’n uitstekende geleentheid vir ouers en besighede om hul produkte of dienste te bemark en terselfdertyd deel te wees van ’n opwindende skoolgeleentheid.

*Kaskargroete*



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES GEE OM:

### Burre Burger Droogtehulp Uitdaging:

Ons wil ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor elkeen wat bygedra het tot ons Burre Burger Droogtehulp-fondsinsameling. Danksy die ongelooflike omgee-harte van ons leerders, ouers en personeel is ’n wonderlike bedrag van **R39 332** ingesamel. Hierdie prestasie wys wat moontlik is wanneer ’n gemeenskap saamstaan vir ’n saak wat groter is as onsself. Elke bydrae — groot of klein — het ’n verskil gemaak en bring hoop vir gemeenskappe wat swaar deur die droogte getref word.
Baie dankie aan elke persoon wat ’n bydrae gemaak het, ons leerders, ons ouers vir hul ruim ondersteuning asook die Rynie personeel vir die reëlings en motivering.

**Ons is ongelooflik trots op ons Rynies wat weer bewys het: saam kan ons ’n verskil maak.** 💙

### Dankie aan ons 2025-leiers 💙

Die skool wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor die leiers van 2025 vir hul skenking aan die skool se koskas. Hierdie onbaatsugtige gebaar getuig van ware leierskap, omgee en ’n hart vir ander.




### Koskas:

Ons doen weer ‘n versoek op ons ouers om asb die goeie inisiatief te ondersteun. Die koskas help gesinne van ons skool wat sukkel deur die jaar. Ons benodig asb:

**Toiletpapier; Olie; Melk; Suiker; Aanmaak koeldrank; Koffie; Skottelgoedseep; Koekies.**

NUUSBRIEF 3 VAN 2026 *29 JANUARIE 2026*

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Koor:**

- Vrydag 30 Januarie is ons Juniorkoor se spanbou in die skoolsaal. 13:15 – 17:30
- Saterdag 31 Januarie is die Seniorkoor se spanbou in die skoolsaal. 8:00 – 14:15

**Onthou asb kooroefening:**

- Donderdae - Gr R Koor 13:00-13:30 (leerders sal na die skoolsaal geneem word en weer terug na die kleuterskool).
- Maandae - Juniorkoor 13:15-14:15 in die skoolsaal (Graad 3 maats sluit net na skool aan.)
- Maandae - Seniorkoor 14:15-15:15 in die skoolsaal

**Redenaars:** Onthou asb om alle toesprake in te handig vir goedkeuring. Die finale datum vir inhandiging is: **13 Februarie**. Onthou **GEEN** laat toesprake sal aanvaar word nie - jammer julle!

**Public Speaking:** Vir al ons opgewonde maats en ouers wat die jaar graag in die Engelse afdeling wil deelneem, hier is ons 2026 temas.

**Gr. 1+2+ 3:** House; Plaster; Noise; Own choice of theme - 2 to 4 min.

**Gr. 4 +5:** Course; Fidget/ Wriggle; Salt; Own choice of theme - 3 to 5 min.

**Gr. 6 +7:** Choose; Show off; Rebel; Own choice of theme - 4 to 6 min.

**Spanredenaars:** Onthou om julle name so gou as moontlik by Juf. Coffey te gaan opgee.

**Debat:** Gr. 6 en 7 leerders wat graag aan debat wil deelneem moet asb seker maak hulle kry ‘n brief by Juffrou Juazelle. Daar is ook ‘n ConSpirito opleidings sessie vroeg in Februarie. *Kultuurgroete,*

*Juf. Coffey*



# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Afhaal van leerders:** Vanaf volgende week (2 Februarie) sal Me. Lenie van Zyl slegs per afspraak beskikbaar wees om u op die gesigsherkenning-stelsel te registreer. Kontak haar asb vooraf om die afspraak te maak.

**Inskrywingsvorms:** Baie dankie vir al die vorms wat reeds gestuur is. Daar is egter steeds 'n paar uitstaande en ons kan nie die registers finaliseer nie. Stuur asb so gou as moontlik indien u nog nie het nie.

**Finansies:** Maak asseblief seker u stem saam met die heffing op u rekening. Januarie = R975-00 + Februarie R975-00 + registrasiefooi van R100. Naskool is VOORUITBETAALBAAR. Februarie se fooi moet voor/op 7de betaal wees. Ons maak werklik staat op u samewerking. (Naskool is 'n diens wat gelewer word. Fooie word vir etes en salarisse aangewend).

**Atletiek: Dinsdag (3 Februarie) TUISBYEENKOMS**

- Naskool gaan normaal voort : Atlete word verskoon.

Graad 4 – 7 toeskouers: Indien u kind atletiek wil gaan kyk, moet u in huiswerkboekie u toestemming gee. Leerder bring dit vir Me. R. Fourie om daarby te teken. Reël dan asb waar en hoe laat u, u kind oplaai. GEEN kind word sonder skriftelike toestemming toegelaat om atletiek te kyk nie.

## SPYSKAART: NASKOOL

Maan. 2/2: "Slap Chips" Rolletjie
Dins. 3/2: Kouvleis broodjie
Woens. 4/2: Maalvleis en kapokaartappels
Dond: 5/2: "Nuggets", slaai & klein rolletjie
Vry. 6/2: "Hotdogs"

- Elke middag vrug en sap

## SPYSKAART: SNOEPIE

Maan. 2/2: "Nuggets + Chips"
Dins. 3/2: Pasteie
Woens. 4/2: T/s Broodjies
Dond: 5/2: Pizza wraps
Vry. 6/2: Boerewors rol + Klein Coke + Roomys combo @ R50.

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




## W JANSE VAN RENSBURG
## SKOOLHOOF

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

